



Effek van omgewingstoestande op die doeltreffendheid van onkruidodders

.....

Dr. Elbé Hugo, LNR Instituut vir Graangewasse, Potchefstroom

Alle onkruidodders ondergaan 'n streng evalueringsproses voordat dit vrygestel word op die mark en is onderhewig aan die streng vereiste dat dit konstant doeltreffende werking bied oor 'n breë spektrum van wisselende omgewingstoestande. Tog is daar elke jaar klagtes deur produsente dat onkruidodders nie doeltreffend genoeg gewerk het nie.

Indien produsente die korrekte dosis spuit op die regte tyd, onder normale omgewingstoestande wat die groei van die gewas sowel as die groei van die onkruid bevorder, behoort alle geregistreerde onkruidodders doeltreffende beheer te verskaf. Vir suksesvolle toediening van onkruidodders is dit egter ook belangrik om kennis te dra van hoe sekere omgewingstoestande onkruidodders negatief kan beïnvloed en gevolglik ondoeltreffende beheer tot gevolg het.

Omgewingsfaktore wat 'n negatiewe impak kan hê op die doeltreffendheid en werking van onkruidodders sluit in: lig, temperatuur, relatiewe humiditeit, reënval, wind en grondvog.

Lig

Normaalweg bevorder hoë ligintensiteit die opname van onkruidodders. Sekere onkruidodders kan egter deur lig afgebreek word, soos byvoorbeeld onkruidodders wat onmiddellik na toediening in die grond ingewerk of ingewas moet word (produkte met aktiewe bestanddele soos trifluralin of EPTC). As dit te lank bo-op die grond lê, sal die molekules van die onkruidodder afbreek en minder doeltreffende beheer verskaf.

